

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

CHIPS

VOL 35 NO 05 • SEPTEMBER / OCTOBER 2021

**MANAGING CRISES THROUGH
PUBLIC RELATIONS:
LAPSE IN ANTI-DUMPING DUTIES**

Empangeni farmers get
the know-how

Span weerdata in vir
besproeiingskedulering

**SANDVELD-KULTIVARPROEF
ONDER BESPROEING OP
AURORA IN 2020/2021**

Kultivars wat op
varsproduktemarkte presteer

Deel 4: Sterkrake

Deur dr Fienie Niederwieser, Aartappels Suid-Afrika

Die afgelope paar jaar is verskeie foto's of knolmonsters van verskillende kultivars met vlak, stervormige krakies ontvang. Die vraag is natuurlik, wat is dit? En wat sou die oorsaak daarvan wees?

Die stervormige krake is nie noodwendig uniform nie en knolle waarop die krakies voorkom kan ook ander krake toon, waarvan sommige aan bruinskurf (*Figuur 1*) herinner en ander soos sandspleet (*Figuur 2*) lyk. Of daar 'n verband tussen die verskillende krake bestaan, is onbekend.

Ons neem ook waar dat sterkrake neig om meer op die een kant van knolle voor te kom as op die ander (*Figuur 4*). Dit blyk dat die meeste stersplete vanaf die lentiselle ontstaan. Sterkrake kan klein wees, of dit kan langer wees en 'n netwerk van krake vorm (*Figuur 3*).

Moontlike oorsake

Krake op knolle kan deur fisiologiese faktore of patogene veroorsaak word. Omdat van die krake aan spleetskurf herinner, word knolmonsters met sterkrake na plantsiekte-diagnostiese laboratoriums gestuur. Geen bekende patogeen is tot dusver daaruit geïsoleer nie. 'n Internetsoektog vir 'n moontlike patogeen-oorsaak het slegs een verwysing opgelewer (www.potato-tuber-blemishes.com), wat die krake beskryf as "star-shaped cracks without a halo. Cause: Unknown".

Dit wil voorkom of die stersplete 'n tipe groeikraak is wat vorm wanneer klimaatstoestande wisselend is en besproeiingskedulering bemoeilik. Dit kan verklaar waarom die afwyking in dieselfde tydperk by meer as een produsent in 'n spesifieke omgewing waargeneem word.

Wanneer plante water opneem ná 'n kort tydperk van effense droë grondtoestande, vergroot die selle in die knol en verhoog die druk sodanig dat die skil kraak. Krakies ontstaan vanuit die lentiselle, wat die swakste plekke in die skil is.



Figuur 1



Figuur 2



Figuur 3



Figuur 4

Die feit dat sterkrake dikwels op die boonste oppervlak van die knol voorkom waar grond makliker uitdroog as aan die onderkant, is nog 'n aanduiding dat wisselende grondvog 'n rol by dié afwyking speel. 🍷

Indien produsente knolle met sterkrake raakloop, hoor ons graag van julle. Monsters met bykomende inligting oor produksietoestande, klimaat en ander siektes, sal help om meer sekerheid oor sterkrake te kry. Kontak dr Niederwieser by epos fenie@potatoes.co.za of 083 634 4848.



**For your one-stop
semiochemical-
based solutions**

Tel +27 (0) 15 065 0199 • E-mail info@insectscience.co.za • www.insectscience.co.za